HOËRSKOOL RICHARDSBAAI

* DISSIPLINÊRE PROSEDURE *

==========

GEELKAART	ROOIKAART	TRIBUNAAL

• Laatkom by skool / klas
• Rondloop
• Onnet voorkoms
• Beweeg op verbode terrein
• Afwesigheid van skool / klas sonder verlof
• Gebruik van skel / vuiltaal
• Arrogansie teenoor prefekte / onderwysers
• Steurende gedrag in klas
• Enige ander oortreding nie hierbo gelys
	• 3 Herhaling van Geelkaarte
	• Oortredings waar blyk dat dissiplinêre optrede oneffektief was
	• Besit van pornografiese materiaal
	• Skade berokkening aan eiendom
	• Klein diefstal
	• Graffiti op skooleiendom
	• Skade aan skool en / of mede-leerder, onderwyser se eiendom
	• Misbruik maak van brandbestrydings apparate
	• Besit van sigarette, tabak, vuurhoutjies en sigaretaansteker
	• Rook in skooluniform of op toere, uitstappies, ens
	• Handeldryf in sigarette en / of verslawing daarvan
	• Vuiltaal
	• Afknouery
	• Handtekening vervals
	• Vervalste briewe
	• Oneerlikheid in ‘n mondelinge / geskrewe verklaring
	• Dreigement van liggaamlike / leed
	• Ontwrigting van leerproses
	• Misbruik van aerosol kannetjies
	• Enige ander oortreding nie hierbo gelys
		• 3 Herhaling van Rooikaart oortredings waar blyk dat dissiplinêre optrede oneffektief was
		• Bakleiery
		• Aanranding
		• Intimidasie
		• Besit van alkohol
		• Onder die invloed van alkohol by:
		  o Skool
		  o Skoolfunksies
		  o Uitstappies / toere
		  o Skoolklere / “civies”
		• Brandstigting
		• Valse alarm, bom, ens
		• Oneerlikheid tydens toetse / eksamen
		• Diefstal
		• Besit / gebruik / snuif / beskikbaarstelling van vlugtige vloeistowwe
		• Besit / gebruik / snuif / beskikbaarstelling van enige afhanklikheidsvormende medisyne
		• Besit en / of gebruik van gevaarlike wapen soos bv vuurwapen, vuurwerke, messe
		• Disrespek of dreig van onderwyser / prefek
		• Rassisme
		• Ontwrigting van skool
		• Ernstige kriminele oortredings
		• Enige ander ernstige oortredings nie hierbo gelys

STRAF	STRAF	STRAF
• 2de pouse detensie vir 1 week dws 1 geelkaart = 1 week detensie • Waarskuwing / berisping • Begeleiding • Enige ander straf soos deur prefek mentor raadsaam gevind mag word.	• Vrydag detensie (13:00 – 16:00) • Waarskuwing / berisping • Begeleiding • Enige ander straf soos deur standerd mentor • Skrywe aan ouers • Gemeenskapsdiens • Verskoningsbrief / ondernemingsbrief vir goeie gedrag • Skorsing – maksimum 3 dae • Lê van kriminele klagte • Enige ander straf wat deur mentor raadsaam gevind mag word.	• Begeleiding • Skorsing • Uitsetting • Onderneming van goeie gedrag • Lê van kriminele klagte • Opskorting of gedeeltelike opskorting van enige straf • Enige ander straf wat deur tribunaal / beheerliggaam raadsaam geag word.

DISSIPLINÊRE PROSEDURE

1. Alle onderwysers en prefekte word betrek by die uitoefening van dissipline. (VLR is uitgesluit van die proses.)

2. Hoërskool Richardsbaai maak gebruik van 2 kaartstelsels, naamlik, die Geelkaart (minder ernstige oortredings) en Rooikaart (ernstige oortredings).

3. KAARTSTELSELS

3.1. GEELKAARTSTELSEL

3.1.1. Geelkaarte word gegee vir minder ernstige oortredings soos bv laatkom, steurende gedrag, rondloop, onnet voorkoms, beweeg op verbode terrein, graffiti, afwesigheid sonder verskoning, arrogansie, vuil praat, ens;

3.1.2. Die stelsel word deur die onderwysers en prefekte toegepas;

3.1.3. Die stelsel word deur die prefekmentor geadministreer;

3.1.4. Alle geelkaarte word aan die prefekmentor oorhandig;

3.1.5. Die prefekmentor stel ‘n lys van 1 week lange, 2de pouse detensie op vanaf Maandag tot Donderdag (1 geelkaart = 1 week detensie);

3.1.6. Naamlys word op Maandae op die interkom afgekondig en by detensieklas opgeplak;

3.1.7. Toesighouding word deur ongeveer 4 prefekte waargeneem;

3.1.8. Een geelkaart = 1 week se detensie. Indien ‘n leerder 2 geelkaarte of 3 geelkaarte in 1 week ontvang, sal die leerder gevolglik vir drie opeenvolgende weke gedurende die 2de pouse vir die volle 3 weke detensie sit;

3.1.9. As ‘n leerder nie opdaag vir detensie nie, word dit deur die prefekmentor ondersoek en indien die leerder ‘n geldige verskoning vir die nie-bywoning daarvan het, reël hy / sy dat die leerder dan op ‘n ander tydstip die detensie sal sit;

3.1.10. Indien die leerder egter geen verskoning het nie, word hy / sy gewaarsku en aangesê om vir ‘n verdere tydperk wat in die diskresie van die prefekmentor

gelaat word, te sit. Die prefekmentor is geregtig om as gevolg van die onwettige afwesigheid, die tydperk van die detensie te verleng;

3.1.11. Indien ‘n leerder vir drie geleenthede afwesig is by ‘n geelkaart detensie, word die geelkaart in ‘n rooikaart verander deur die prefekmentor; en

3.1.12. Die prefekmentor is egter geregtig om indien daar goeie rede daarvoor bestaan, te mag afwyk van die vermelde prosedure, hetsy tot voordeel en / of nadeel van die betrokke leerder, maw die mentor sal geregtig wees om bv ‘n geelkaart en ‘n rooikaart te verander indien hy / sy van mening is dat ‘n leerder se gedrag van so aard is, dat dit ‘n rooikaart regverdig of ‘n rooikaart in ‘n geelkaart te verander. Dit sal slegs geskied na konsultasie deur die prefekmentor met die betrokke persoon wat die rooikaart of geelkaart uitgereik het.

3.2. ROOIKAARTSTELSEL

3.2.1. Die rooikaart word gegee vir meer ernstige oortredings soos bv rook, stokkiesdraai, aggressie, vandalisme, leuens, intimiteit, verleentheid, ens;

3.2.2. ‘n rooikaart kan slegs deur ‘n onderwyser uitgereik word;

3.2.3. die rooikaart word deur die betrokke onderwyser aan die betrokke administratiewe personeellid oorhandig wat ‘n uitdruk uit die rekenaarstelsel maak en dit aan die standerdmentor oorhandig;

3.2.4. die standermentor sal die omstandighede rondom die uitreiking van die rooikaart ondersoek en dit bevestig, alternatiewelik, dit verander in ‘n geelkaart waarna hy dit aan die prefekmentor sal oorhandig;

3.2.5. die standerdmentor kontak die betrokke leerder se ouers telefonies waartydens hy / sy die aangeleentheid met hulle bespreek en hulle meedeel dat hulle kind op ‘n Vrydag middag detensie sal sit van 13:00 tot 16:00. Daarna word die inligting aan die betrokke administratiewe personeellid teruggehandig wat die nodige rekord opdateer;

3.2.6. Die skoolhoof en / of sy gevolmagtigde vaardig ‘n detensierooster uit in terme waarvan sekere onderwysers aangewys word om toesig te hou by die detensie klas;

3.2.7. Die betrokke onderwyser (klasmentor) hou ‘n register by en aan die einde van die detensie word die register aan die betrokke administratiewe beampte oorhandig wat die inligting in die rekenaar invoer;

3.2.8. Enige persone wat afwesig was by die detensie se inligting word aan die betrokke graadmentor oorhandig wat ondersoek sal instel na die afwesigheid;

3.2.9. Indien ‘n geldige verskoning aangebied word sal die graadmentor met die betrokke leerder op ‘n verdere datum ooreenkom waarop hy / sy detensie sal sit;

3.2.10. Indien die leerder ‘n ongeldige verskoning het, sal daar in gesprek getree word met die betrokke leerder en ‘n verdere rooikaart sal uitgereik word;

3.2.11. Indien hy weer afwesig is, sal ‘n soortgelyke ondersoek plaasvind, indien die leerder ‘n ongeldige verskoning het, sal die versuim sonder enige verdere vertraging voor die dissiplinêre tribunaal geplaas word;

3.2.12. ‘n leerder wat drie rooikaarte het, sal outomaties ook na die dissiplinêre tribunaal verwys word;

3.2.13. die graadmentor mag binne sy diskresie afwyk van hierdie voorgeskrewe prosedure indien daar goeie rede daarvoor bestaan. (Verkieslik in samewerking met die persoon wat die rooikaart uitgereik het.)

3.2.14. indien daar ‘n ernstige probleem met vervoer is, kan die Vrydag detensie verander word in 2 weke pouse detensie.

DISSIPLINÊRE PROSES

GEELKAART

|

3 GEELKAARTE
WORD
ROOIKAART

|

3 ROOIKAARTE

|

DISSIPLINêRE TRIBUNAAL

DISSIPLINêRE PROSES